

## **UITNODIGING OM AANSOEK TE DOEN VIR HULPTOELAAG:**

### **2023/24 FINANSIËLE JAAR**

Die Raad het in die huidige boekjaar befondsing beskikbaar gestel vir skenkings aan verdienstelike plaaslike gemeenskaps-gebaseerde organisasies vir die implementering van projekte binne die Drakenstein munisipale area in lyn met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP).

Nie-regeringsorganisasies wat voldoen aan die volgende kriteria van Artikel 67 van die Plaaslike Regering Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No 56 van 2003) met betrekking tot die oordrag van fondse word hiermee uitgenooi om aansoek te doen vir 'n bydrae ter befondsing van projekte: -

1. Organisasies moet binne die Drakenstein Munisipale area gebaseer wees.
2. Nie-winsgewende organisasies.
3. Moet A-polities wees.
4. Organisasies moet werk verrig wat in lyn is met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) oor die doelwitte en funksies van plaaslike owerhede.
5. Slegs spesiale projekte sal befonds word en geen lopende/bedryfs uitgawes sal befonds word nie.
6. Aansoeke moet volledig gemotiveer wees en 'n implementerings plan met 'n gedetailleerde begroting moet ingehandig word.
7. 'n Afskrif van die organisasie se grondwet en sy registrasie by die Departement van Maatskaplike Dienste asook bevestiging van voldoeningsbrief as 'n nie-winsgewende organisasie, moet die aansoek vergesel, afskrif van vergadering notules vir die kwartaal en aktiewe raadslede.
8. Sport organisasies moet by die Sport Federasie in hul area (Paarl, Wellington, Saron, Gouda, Hermon en Simondium) geaffilieer wees en bewys daarvan moet die aansoek vergesel en 'n lys van toerusting en/of uitrusting benodig.

Nie-winsgewende organisasie wat geregistreer is en voldoen aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se vereisters sal oorweeg word.

Die voorgeskrewe aansoekvorms is by die volgende kantore beskikbaar: -

- Burgersentrum, Bergrivier Boulevard, Paarl (Hulptoonbank)
- Behuisingskantoor, Van der Stelstraat, Paarl-Oos
- Behuisingskantoor, Phokengstraat, Mbekweni
- Munisipale Biblioteke
- Munisipale Kantore, Wellington (Hulptoonbank)
- Mbekweni Thusong Dienssentrum
- Paarl-Oos Thusong Dienssentrum
- Munisipale Kantore, Gouda
- Munisipale Kantore, Saron

Aansoeke moet ingedien word by Wellington Munisipale Kantoor, Pentzstraat 100 voor of op 02 Februarie 2024.

**DR. JOHAN LEIBBRANDT**  
**STADSBESTUURDER**  
Paarl Post – 11/01/2024